Publication: BURGER (Suid Kaap)
Date: 2015-07-16
Page: 15

# Geskenk van onderrig

**Mandeladag noop ons om te besin oor hoe ons van die wêreld 'n beter plek kan maak. Wim de Villiers dink na oor wat dít van 'n universiteit soos Maties vra.**

Mandeladag, wat jaarliks met wyle oudpres. Nelson Mandela se verjaardag op 18 Julie saamval, gee ons die geleentheid om te besin oor hoe ons mekaar help om vooruitgang te maak in die lewe. Dit geld individue én "korporatiewe burgers" – waarby ek alle samelewingstrukture inreken en nie net sakeondernemings nie.

Opvoedkundige instellings speel 'n belangrike rol in dié verband. Soos Madiba dit gestel het: "Onderwys is die kragtigste wapen waarmee ons die wêreld kan verander."

Dít is 'n aanhaling wat dikwels gebruik word, maar hoe werk dit nou eintlik? Wat universiteite betref, is daar hoofsaaklik twee maniere: deur die bemagtiging van individue en deur die produksie van kennis.

Enersyds lei ons mense op om as beroepslui 'n positiewe bydrae tot die samelewing te lewer in 'n verskeidenheid van velde – van dokters, onderwysers en ingenieurs tot entrepreneurs, kunstenaars en wetenskaplikes.

Andersyds doen ons akademici en studente – veral op nagraadse vlak – wetenskaplike navorsing wat nuwe kennis in die soeke na oplossings vir maatskaplike uitdagings soos werkloosheid, armoede, ongelykheid en korrupsie oplewer.

'n Verhaal wat die bemagtigende effek van onderwys goed uitbeeld, is dié van Robin Bosman, een van ons nuweling-eerstejaarstudente aan die Universiteit Stellenbosch (US) vanjaar. Sy was verlede jaar 'n matrikulant aan die Sekondêre Skool Swartberg in Caledon, waar sy met 'n gemiddelde van 93% geslaag het.

Die steun wat sy in haar ouerhuis ontvang het, het die grondslag hiervoor gelê. Robin sê haar ouers en ander familielede het haar van kleins af die waarde van 'n goeie opvoeding laat besef. Daarom het sy die kans aangegryp om te verseker sy presteer goed genoeg om universiteitstoelating te kry.

Dié geleentheid het hom voorgedoen in die vorm van die US se Hope@Maties-program. Hiermee word Saterdae en in skoolvakansies bykomende onderrig in sleutelvakke aan topleerders in histories agtergeblewe skole verskaf.

Robin se matriekprestasie het haar 'n plek op die merietelys van die Wes-Kaapse onderwysdepartement besorg, en nou studeer sy vir 'n BSc in molekulêre biologie en biotegnologie aan die US.

Sy sê sy wil graag eendag mediese navorsing doen "om ander mense te help". Sy het duidelik 'n goeie begrip van die US se strewe om 'n positiewe impak op die samelewing te maak. .

Dít is die tweede manier waarop Madiba se stelling oor die onderwys werk – deur navorsing wat betroubare en bruikbare kennis oplewer.

Neem byvoorbeeld die werk van dr. Ronald van Toorn, 'n senior spesialis in pediatriese neurologie aan die US. Hy het in sy PhD-studie bevind innoverende behandelingsmetodes wat in die Tygerberg-hospitaal gebruik word, gee kinders met tuberkulose-meningitis 'n beter kans op oorlewing. Dit kan ook kinders wat weens dié ernstige siekte – die mees algemene vorm van bakteriële meningitis in die Wes-Kaap – verlam of blind word, weer laat loop of sien.

'n PhD is universiteite se topopleidingsproduk. Jy absorbeer daarmee nie net kennis oor 'n bepaalde vakgebied nie – jy leer om nuwe kennis te produseer. Dit is presies wat Van Toorn gedoen het. Hy sou egter nie by sy doktorsgraad uitgekom het as hy nie ook eers – soos Robin – 'n eerstejaarstudent was nie.

Robin is een van 60 van ons nuwelingstudente wat toelating gekry het nadat hulle die Hope@Maties-program deurloop het. Die US het vanjaar meer as 22 000 aansoeke ontvang vir net 5 000 studieplekke – 'n ooraanvraag van vier keer. Dit wys hoe groot die dors na opvoeding in ons samelewing is.

Tog sou meer as 'n derde van ons studente – 37%, om presies te wees – waarskynlik nie hier gewees het sonder finansiële bystand nie.

Verlede jaar het die US R588 miljoen aan beurse en lenings uitbetaal. Dit is 'n verstommende bedrag, gelykstaande aan byna 55% van ons inkomste uit studentegelde.

Hiermee voeg die US daad by die woord om meer inklusief te word. Sowat 55% van ons beurse en lenings word aan bruin, swart en Indiërstudente toegeken – op grond van meriete en finansiële behoeftigheid.

En aangesien ons toegang tot die universiteit verder wil verbreed, wil ons nog meer beurse toeken. Dis 'n gulde geleentheid vir die soort bemagtiging wat ons land broodnodig het.

Wat vir my veral verblydend is, is dat ons studente self ook hul medestudente help. 'n Voorbeeld is die Studenteraad (SR) se M4M-beursfonds – 'n naam wat afgelei is van "Maties for/vir Maties". Dit is 'n aanvullende beurs wat kleinerige maar noodsaaklike bedrae ter bevordering van studentesukses uitbetaal.

SR-lede dra uit hul honorarium tot die beurs by. Ander bronne sluit in die inkomste uit sluitkassies in die Neelsie en Studiesentrum, asook projekte soos die jaarlikse sêr-kompetisie. Daar is ook Maties wat uit eie sak beursskenkings maak, of geld vir beurse insamel.

Ons alumni dra ook tot beurse by, want die gesegde lui mos: "Eenmaal 'n Matie, altyd 'n Matie." Beurse is 'n uitstekende manier om die volgende geslag dieselfde geleenthede te bied as dié wat ons gehad het – en meer.

Toe Madiba in 1996 'n eredoktorsgraad van die US ontvang het, het hy in sy aanvaardingsrede gesê: "Die geleentheid spreek daarvan dat ons op pad is om 'n gesamentlike toekoms te bou; dat ons besig is om die verdelende skanse van die verlede af te breek en te bou aan 'n nuwe nasie – verenig in al sy ryke verskeidenheid."

Byna twee jaar ná sy dood en 20 jaar nadat hy 'n US-alumnus geword het, bly dit ons uitdaging om ons land en die res van die wêreld deur middel van onderwys te verander.

Dít maak van beursskenkings – die geskenk van opvoeding – 'n uitnemende huldeblyk aan die man wat ons steeds onderrig oor die deugde van onbaatsugtige diens aan andere.



**Die Universiteit Stellenbosch het op 25 Oktober 1996 die graad doktor in die wysbegeerte honoris causa aan oudpres. Nelson Mandela toegeken. By Mandela staan, van links, prof. Andreas van Wyk, toe rektor van die US, dr. Sibusiso Bengu, destyds minister van onderwys, dr. Jan van der Horst, die destydse kanselier, en mnr. Gys Steyn, die raadsvoorsitter.** Foto: UNIVERSITEIT STELLENBOSCH



**Robin Bosman, 'n nuweling-eerstejaarstudent aan die US.** Foto: STEFAN ELS



*Prof. De Villiers is die rektor en visekanselier van die Universiteit Stellenbosch.*

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission*